

Volume 1, No. 1  
 WERENSKY BIBLIOTEK  
 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
 19 AUG 1961  
 Klasnommer 05  
 Registrernommer P 11

# PRETORIANA



*Genootskap Oud-Pretoria - Old Pretoria Society*

KOPIEREG VOORBEHOU.

COPYRIGHT RESERVED.

## INHOUD - - - CONTENTS

- Boodskappe: Die Burgemeester van Pretoria, Raadslid J.H. Visse;  
 -- Mnr. W. Punt, M.A.
- Messages: The Mayor of Pretoria, Councillor J.H. Visse;  
 -- Mr. W. Punt, M.A.
- Grondwet - Constitution.
- Mnr. W. Punt M.A.: Enige besonderhede in verband met Du Preezhoek.
- Miss J.H. Davies: The origin of Palace Street.
- Dr. V. FitzSimons: Historical Collections of the Transvaal Museum.
- Dr. J. Ploeger: "A Wanderer's Rhymes".
- Mnr. J.P. Kleynhans: Ek onthou.
- Dr. F.J. du Toit Spies: Die oorsprong van ons straatname.
- Dr. J. Ploeger: Vondste in die Staatsmodelskool.

# GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

## OLD PRETORIA SOCIETY

(Gestig 22 Maart 1948)

(Founded 22 March, 1948)

### Bestuur - Committee

W. Punt (Voorsitter-Chairman); Prof. Dr. A.N. Pelzer (Onder-voorsitter-Vice-Chairman); Dr. F.J. du T. Spies (Sekretaris-Secretary); Mej./Miss J.H. Davies (Onder-Sekr. - Vice-Secr.); Dr. J. Ploeger (Penningmeester-Argivaris-Treasurer-Archivist); J.P. Kleynhans; Dr. W.J. de Kock; Dr. V. FitzSimons; P.J.H. Basson; J.P. Jooste; J.C. Vlok.

Verteenwoordigers van die Stadsraad/Representatives of the City Council: H.P.H. Behrens; Raadslid-Councillor F.H. le Roux.

Redaksieraad van "Pretoriana": Mej./Miss J.H. Davies, Dr. F.J. du T. Spies; Dr. J. Ploeger; J.C. Vlok.

Adres van die Sekretaris/Address of the Secretary: Dr. F.J. du Toit Spies; Dougallstraat 191, Muckleneuk, Pretoria/191, Dougall Street, Muckleneuk, Pretoria.

# GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

## GRONDWET

1949

1. Die naam van die vereniging is die "Genootskap Oud-Pretoria".
  2. Die werksaamhede van die Genootskap sal hoofsaaklik tot die stad en distrik van Pretoria beperk wees.
  3. Die Genootskap tree as 'n selfstandige liggaam op en stel hom ten doel:-
    - a) Om histories-belangrike geboue en plekke op te spoor en outentieke gegewens daaromtrent in 'n register, vir dergelike doeleindes daarop nagehou, aan te teken.
    - b) Om onbeheerde of onvoldoende beheerde **geskiedkundige voorwerpe** of materiale na te gaan en vir die behoorlike bewaring of instandhouding daarvan die nodige stappe te doen.
    - c) Om dokumente, voorwerpe of materiale van geskiedkundige belang te versamel en, na gelang van omstandighede, self daarvoor te sorg, of dit aan die mees geskikte liggaam of inrigting vir veilige bewaring te oorhandig.
    - d) Om geskiedkundige feite in geskrif, beeld of andersins te verewig, en pogings aan te wend dit deur outentieke gegewens aan te vul en af te rond, ter bevordering van 'n getroue daarstelling van die geskiedenis van die stad en distrik van Pretoria.
    - e) Om op eie inisiatief planne te beraam en handelend op te tree in verband met geskiedkundige feesvierings, wat Pretoria tot uitgangspunt het.
    - f) Om behulpsaam te wees met die vasstelling, verlening of verandering van geskiedkundige benaminge vir enige gedeelte of ondergedeelte, soos b.v. ten opsigte van strate, pleine, waterlope en kenmerkende plekke, van die stad of voorstede of die distrik van Pretoria.
    - g) Om alle stappe vir die behoorlike uitvoering van die Genootskap se doelstellinge, te doen.
  4. Die Genootskap, met volle behoud van sy eie indentiteit, verklaar hom bereid om met die bevoegde outoriteite van die Unie-regering, die
- (vervolg op bls. 16) (continued on page 16)

Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Munisipaliteit van Pretoria, en, na goedvinde, met enig ander inrigting, liggaam of persoon, as medebelanghebbende saam te werk ter verwesenliking van bogemelde doeleindes.

5. a) Die aantal lede van die Genootskap is beperk tot honderd, maar die bestuur behou hom die reg voor om in besondere gevalle van hierdie reel af te wyk.
- b) Alle persone wat tot die stigting van die Genootskap bygedra het, en persone wat op uitnodiging van die bestuur tot die Genootskap toetree, sal lede wees, op voorwaarde dat niemand lid mag wees wat nie ten minste een jaar in die stad of distrik van Pretoria woonagtig was nie.
- c) Die bestuur behou die reg om, sonder opgaaf van die redes daarvoor lidmaatskap te beëindig.
- d) Wanneer 'n persoon lid van die Genootskap word, sal verwag word dat hy of sy 'n toetredingsgeld van vyf sjielings betaal, en die bestuur sal die reg hê, wanneer nodig om verdere heffings van hoogstens vyf sjielings per jaar te doen.
6. Die bestuur van die Genootskap bestaan uit 'n voorsitter, 'n onder-voorsitter, 'n sekretaris, 'n onder-sekretaris, 'n penningmeester, 'n argivaris en vier andere lede. Vier bestuurslede wat sal insluit die voorsitter of onder-voorsitter en die sekretaris sal 'n kworum vorm. Die bestuur sal gekies word op die algemene jaarvergadering met die verstandhouding dat die bestuur, wat op die eerste vergadering gekies is, aan bewind bly tot die eerste algemene jaarvergadering in November 1949.
7. Die bestuur sal gemagtig wees om onderkomitees van lede van die Genootskap aan te stel om op een of ander onderwerp in te gaan. Enige onderkomitee het die reg van aanvulling, nie noodwendig uit lede van die Genootskap nie.
8. Die jaarvergadering van die Genootskap sal in November van elke jaar gehou word, en die bestuur het die reg om van tyd tot tyd buitengewone vergaderings te belê.
9. Hierdie grondwet kan deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede op 'n vergadering gewysig word, mits 'n maand kennis van so 'n vergadering en van die voorgestelde wysigings gegee word.
10. Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Genootskap.

## ASSOCIATION OLD PRETORIA

### CONSTITUTION

1949

1. The name of the society is the "Association Old Pretoria".
2. The Association shall confine its activities mainly to the city and district of Pretoria.
3. The Association functions as an independent body and has the following aims:
  - a) To trace historically interesting buildings and places and to compile, in a register kept for the purpose, authentic data concerning them.
  - b) To investigate unprotected or insufficiently protected historical objects or material and to take the necessary steps for their adequate safe keeping or preservation.
  - c) To collect documents, objects or material of historical interest

- and, as circumstances require, care for them itself or hand them over to the most suitable body or institution for safe keeping.
- d) To make permanent record, in writing, in pictures or in other ways, of historical facts and to endeavour to supplement and complete such record by means of authentic data, for the furtherance of an accurate depiction of the history of the city and district of Pretoria.
  - e) On its own initiative to devise plans and to take action in connection with historical celebrations which have Pretoria as their focal point.
  - f) To render assistance in connection with determining, giving or altering historical names with respect to any part or portion, e.g. streets, squares, watercourses, and places of note, of the city or the suburbs or the district of Pretoria.
  - g) To take all such steps as may be necessary for the attainment of the Association's aims.
4. The Association, while preserving its own identity, is prepared to co-operate with the competent authorities of the Union Government, the Transvaal Provincial Administration, the Municipality of Pretoria, and, if it so thinks fit, with any other institution, body or person, for the realisation of the abovementioned aims.
  5. a) The membership of the Association is limited to a hundred, but the executive committee reserves the right to depart from this rule in exceptional circumstances.  
b) All persons who contributed to the establishment of the Association and such persons as may join it on the invitation of the invitation of the executive committee shall be members of the Association, provided that no person shall be eligible for membership who has not resided for at least one year in the city or district of Pretoria.  
c) The executive committee reserves the right to terminate membership without giving its reasons for so doing.  
d) When a person becomes a member of the Association, he or she will be expected to contribute five shillings, and the executive committee has the right, necessary, to decide on additional levies not exceeding five shillings per year.
  6. The executive committee of the Association shall consist of a chairman, a vice-chairman, a secretary, a vice-secretary, a treasurer, an archivist and four other members. Four members of the executive committee, including the chairman or vice-chairman and the secretary, shall form a quorum. The executive committee shall be elected at the annual general meeting on the understanding that the executive committee elected at the first meeting shall hold office until the first annual general meeting in November, 1949.
  7. The executive committee shall have the right to nominate sub-committees consisting of members of the Association to investigate some or other subject. Any sub-committee shall have the right to co-opt other persons, not necessarily members of the Association.
  8. The annual general meeting of the Association shall be held in November of each year, and the executive committee has the right to call special meetings from time to time.
  9. This constitution can be amended by a two-thirds majority of members present at a meeting of members, provided a month's notice of such meeting and of the proposed amendment has been given.
  10. English and Afrikaans are the official languages of the Association.

Burgemeesterskamer - Pretoria, 11 September 1951.

Met blydskap het ek verneem van die voorneme van die Genootskap Oud-Pretoria om 'n kwartaallike blad "Pretoriana" uit te gee. Dit is 'n lofwaardige onderneming wat seer sekerlik almal se steun verdien.

Ons weet dat Pretoria se geskiedenis so te sê oorlaai is met feite wat nie net interessant is nie maar wat ook uiters belangrik is. Die prentjie wat ons somtyds in ons geheue het van Pretoria 'n half-eeu of bietjie langer gelede, is meestal ver-wronge. Ons dink gewoonlik aan 'n samelewing wat deur 'n strenge en godsdienstige uitsig op die lewe totaal oorheers was. Ek verbeel my dat dit alles behalwe die waarheid is.

Ons voorvaders in Pretoria was wel in baie opsigte nouer en intiemer aan hulle kerk en die se opvattinge verbonde as wat ons huidige geslag is. Desnieteenstaande het hulle geweet hoe om te leef. Hulle lewe was vol met, soms baie dramatiese, afwisseling - hulle het in die werklikheid gevind wat ons vandag in bioskope moet soek.

"Pretoriana" sal myn insiens hierdie verlede - so anders as die hede - laat herleef. Wat my betref wens ek die Genootskap Oud-Pretoria alle sukses in hierdie onderneming en wil by diegenes wat iets interessants uit daardie verlede kan vertel, sterk aandring dat hulle dit op skrif stel en aan die redakteur van "Pretoriana" stuur.

J.H. Visse  
Burgemeester van Pretoria

Mayor's Parlour - Pretoria, 11th September, 1951.

It was with pleasure that I learnt of the intention of the Association Old Pretoria to issue a quarterly journal, "Pretoriana". This is a laudable enterprise which most certainly deserves everybody's support.

We know that the history of Pretoria is as brimful of facts which are not only interesting, but also very important. The image which we sometimes form in our mind of Pretoria half a century or slightly longer ago is frequently distorted. Very often we think of a community entirely governed by a narrow and religious outlook on life. I imagine that this is anything but the truth.

Our forefathers in Pretoria, it is true, were in many respects more closely and intimately attached to the church and its teachings as is the case with the present generation. Nevertheless, they knew how to live. Their life was full of, sometimes dramatic, changes - they found in actual life what we have to look for in films.

"Pretoriana" will to my mind revive this past, so different from the present. As far as I am concerned I wish the Association Old Pretoria all success with this venture and would strongly appeal to all those who can relate something interesting from the past, to write it down and send it to the editor of "Pretoriana".

J.H. Visse  
Mayor of Pretoria

Hiermee bied die Genootskap Oud-Pretoria u die eerste uitgaaf van sy kwartaalblad "Pretoriana" aan.

Die onkoste verbonde aan die uitgee van die blad word vir die eerste jaar deur die alombekende firma de Bruyn se Skoenwinkels gewaarborg - 'n treffende bewys dat ons besighede ook in die kulturele aangeleenthede van Pretoria belangstel. De Bruyn's het 'n prysenswaardige voorbeeld gestel.

Die inhoud van die blad sal aan die geskiedenis-en kulturele-aangeleenthede van ons stad en distrik gewy word.

Met dank sal die redaksie van "Pretoriana", artikels, aantekeninge, briewe, fotos, navrae ens., in verband met Pretoria aanvaar. Bydraes in Afrikaans of Engels sal verwelkom word.

Ons vertrou dat "Pretoriana" mettertyd 'n bron van waardevolle en interessante gegewens in verband met die ontstaan en wording van die administratiewe Hoofstad van die Unie sal wees.

Mag hierdie onderneming van die Genootskap Oud-Pretoria om deur middel van "Pretoriana" gegewens uit die verlede vir die toekoms te bewaar, by ons lede en medeburgers algemene byval en ondersteuning vind.

W. Punt

Voorsitter Genootskap Oud-Pretoria

Herewith the Old Pretoria Association presents to you the first issue of its quarterly "Pretoriana".

The cost in connection with the publication of the bulletin has been guaranteed for the first year by the well-known firm De Bruyn's Shoe Shop. A striking proof that our business men are interested too in the cultural matters of Pretoria, De Bruyn's has set a praiseworthy example. The contents of the bulletin will be devoted to the historical and the cultural matters of our city and district.

The editorial board of "Pretoriana" will gratefully accept articles, notes, letters, photographs, enquiries, etc., in connection with Pretoria.

Contributions in English or in Afrikaans will be welcome.

We trust that in due course "Pretoriana" will become a source of valuable and interesting data in connection with origin and beginning of the Administrative Capital of the Union.

May this venture of the Old Pretoria Association to preserve by means of "Pretoriana" data from the past for the future receive general approbation and support from our members and citizens.

W. Punt

Chairman Old Pretoria Association

## ENIGE BESONDERHEDE IN VERBAND MET DU PREEZHOEK

Aan die suidekant van Pretoria, tussen die Fonteinepad, Delagoabaai-spoorlyn en Willowwegis die bekende stadsdeel Du Preezhoek geleë.

Du Preezhoek is na Jan Du Preez, bygenaam Diknek, 'n vroeë intrekker van Pretoria vernoem. Hy het sy opstal hier gebou en landerye, vrugteboorde en 'n beeskraal aangelê. Die groot populierbos effens suid van Willowweg getuig vandag nog van Du Preez se eertydse plaas.

Op 14.8.1949 het mnr. H.G. Budke Snr., 'n kleinseun van Jan Du Preez, die murasies en landerye van Du Preezhoek gaan aanwys. Hier volg die verslag van ons besoek:

Waar tans die suidelike tennisbane van Bereapark is, was voor 1890 'n meul. Die bouvalle was ongeveer 50 tree van die suidweshoek van die bane en vas teen die ooskant van die wapad. Oorspronklik was die gebou 'n meul maar in later jare het dit as limonadefabriek diens gedoen. Ongeveer 1887 het die fabriek vermoedelyk aan 'n sekere Jones behoort en mnr. Budke se vader (E. Budke) was die bestuurder. Die omgewing van die meul was laagliggende land en die watervoor van Du Preezhoek het die dryfkrag vir die meul verskaf.

Veertig tree wes van waar tans die populierbos van Du Preezhoek is, het die huise van Jan du Preez en sy seun Frans gestaan. Mnr. Budke het dikwels sy grootvader gaan besoek en dikwels tussen 1885 en 1903 by du Preez se huis gekuier. Oupa Jan se huis het 20 tree reg noordwes van die populierbos gestaan. Voor die huis was die plaaswatervoor waarlangs treurwilgers gegroei het. Van hierdie ou reuse staan nog enkele bome. Suidwaarts, die voor op en teen die spoorweg, staan 'n drietal wilgers wat in mnr. Budke se kinderjare jong boompies was en naastenby 70



jaar oud is. Die oue reuse langs die voor en teenoor die bouwal van die huis moet dan wel naastenby 100 jaar oud wees.

Aan die agterkant van die huis, teen die spoorweg, het die stadswatervoor vanuit die fonteine na die stad gegaan. Noordwes van Du Preez se huis was die vrugteboord en 'n paar tree verder oor die watervoor die plaaskerkhof van Du Preez' en Van der Walt. Hierdie kerkhof is na die Anglo-Boere oorlog opgeruim en die inhoud na die Ou Kerkhof in Kerkstraat oorgebring.

Vyftig tree suidwes van Jan du Preez se woning, digby die spoorweg, was die huis van sy seun Frans. Beide huise het lankal reeds verdwyn maar spore van die leiklipfondamente is nog sigbaar.

Jan du Preez se huis het oos gekyk en 'n voetpad het oor die voetbruggie van die watervoor deur die populierbos na die landerye gegaan. Hier aan die Apiesrivier was twee groot moerbeibome waaronder Jan du Preez gewoonlik toesig oor sy volk in die landerye gehou het. Een van hierdie ou moerbeibome is vandag nog op die regterwal van die rivier te sien.

In die ou dae nadat die Apies oorstrom het kon geelvisse en palings in die landerye met die hand gevang word.

'n Vyftienjarige dogter van Jan du Preez het op 'n keer aan seer oë gely. In haar koorsigheid het sy een nag opgestaan en haar oë in die yskoue watervoor by die voetbruggie gaan baai, met die gevolg dat sy blind geword het. Tog het sy later 'n groot gesin opgevoed. Sy was mnr. Budke se grootmoeder.

Net teen die oostekant van die populierbos was 'n ruie rietgat waarvan die water in die Apies gevloei het. Noord van die bos aan Willowweg waar nou nog 'n aantal soetdoringbome staan was Du Preez se beeskraal.

Jan du Preez was met Maria Magdalena van der Walt, 'n dogter van veldkornet Andries van der Walt, getroud. Na haar dood in 1881 is hy met die weduwee Emmerentia Steyn getroud. Haar seun Josef Steyn het in Willowweg gewoon en die huis bestaan nog.

Jan du Preez het in 1885 nog die ferweel Voortrekkerklapbroek, asook veldskoene en breë rand velthoed gedra. Alhoewel sy inkomste nie groot was, was die lewe in daardie dae baie goedkoop en Du Preez was 'n welvarende man. Na sy dood kon die familie egter nêrens sy geld vind nie. Mnr. Budke het in 1903 na die

verlore skat op Du Preezhoek gesoek. Met behulp van 15 kaffers is die populierbos van noord na suid omgespit maar geld is nie gevind nie.

Eens op 'n keer het 'n volwassene (waarskynlik familie) mnr. Budke die bouval van Van der Walt se huis, die eerste in Pretoria, gaan wys en gesê: "Dis die murasie van ou grootjie Van der Walt se huis". Die aanwysing is omstreeks 1890 gedoen. Die oorblyfsels het bestaan uit klei en leiklip wat aan die oostekant van die latere konfytfabriek in die erf van Marais te sien was. Jess Cottage was ongeveer 50 tree reg suidwes van die bouval. Destyds het 'n Jood met die naam Lithauer in Jess Cottage gewoon. Van Jess Cottage het 'n pad suid na Jan Du Preez se huis gegaan. Du Preez se huis is na 1903 gesloop. Mnr. Budke het nooit gehoor wie Jess Cottage gebou het nie.

Aan die Apiesrivier digby die spoorlyn is nog 'n klein omheinde kerkhof. Hierin rus 'n kind Van der Werf - verlange familie van die Du Preez - en 'n kleinsuster van mnr. Budke.

W.P.

## THE ORIGIN OF PALACE STREET

A petition, dated the 24th March, 1885, was addressed to the State Secretary from certain persons living and owning ground on, or in the neighbourhood of, the north western corner of Church Square, who prayed the State Secretary to lay before the President and the Executive Council their request that the necessary authority be granted for the making of a street from the north western corner of Church Square to Vermeulen Street.

In order to give access to the proposed street it would be necessary to demolish a portion of about 25 feet, of the building known as the "oude School gebou" and this the petitioners offered to do at their own risk and expense.

They undertook, too, to rebuild the gable, to repair the old school building and to leave it in good order.

The petition was forwarded to the State Secretary through the landdrost of Pretoria, Joh.Z. de Villiers, who recommended that the petitioners' request be granted, as the making of such a street would be „eene groote verbetering en zelfs verfraaijing van de stad”.

Things evidently moved more quickly than they do now; for,

on the 30th April, 1885, the Executive Council acceded to the request, on the strict understanding that the demolition work and the subsequent re-building of the gable should be paid for by the petitioners. (1)

The six signatories to the petition were: Cornforth & Co., Hubertus J. Juta, D.M. Kisch, P.J. Marais, A.H. Nellmapius and Jorissen & Tobias. Cornforth & Co. were at that time auctioneers in Pretoria (2). Hubertus J. Juta was an employee of the Transvaal Board of Executors, and had left Pretoria before the making of the street was begun; for according to 'De Volksstem' of the 4th May, 1885, "The Board have been enabled to secure very suitable offices at Lijdenburg, and have judiciously opened their branch under the management of one of their most efficient officers, Mr. H.J. Juta, who has been in the service of the Company for some years, and is fully conversant with the existing routine and transactions of the Board. This gentleman left for the scene of his duties last mail".

Hubertus Juta was probably not sorry to go; on the 11th August, 1884, he had been granted prospecting rights on a piece of Government ground, named 'Little Jokes', in the district of Lijdenburg. (3)

D.M. Kisch of Church Square, Pretoria was evidently as versatile as Poo Bah. He describes himself in "De Volksstem" (4) as "Land, Estate and House Agent, Auditor and Accountant". He was, too, the agent for the "Glasgow South African Company's Block Industria New Scotland".

By 1889 he had extended his field of operations considerably, and he figures largely in the business section of Jeppe's Transvaal Almanac and Directory for 1889 as an accountant, a broker, and the proprietor of the Pretoria Engineering Works, 274 Court Lane.

He also appears to have had a steam saw-mill, and he lived at Sprowston Lodge, Scheiding Street.

P.J. Marais has proved elusive. The only reference to a P.J. Marais that has been traced, after an admittedly hasty research, is in Jeppe's Transvaal Almanac for 1889 where the name of a P.J. Marais, "gentleman", of Market Square, appears. This may have been the signatory to the petition.

A.H. Nellmapius is, of course, the well-known Alois Nellmapius, a man of many and varied interests, probably best known as a speculator and prospector. In 1889 his address is given as

Albert House, Vermeulen Street.

Dr. E.J.P. Jorissen and Dr. Tobias were advocates and attorneys. Dr. Jorissen was the author of the well-known "Codex".

It seems that Palace Street was first called Court Lane, and that the name was, on the building of the Palace of Justice, changed to Palace Street. This point has, however, not as yet been definitely established.

By 1889 D.M. Kisch who had his engineering works in Court Lane and Dr. F.B. Tobias of Church Square were the only two signatories still in the vicinity. (5)

J.H.D.

(1) Archives reference: 3918/84.

(2) "De Volksstem", 15/1/85.

(3) "Staatscourant. Z.A.R." No. 184 of 21/8/1884.

(4) "De Volksstem", 15/1/85.

The Archives reference to the petition, which is, of course, the whole story, was contributed by Mr. H.M. Rex, of Pretoria, who also stated that the original name of the street was Court Lane.

## HISTORICAL COLLECTIONS OF THE TRANSVAAL MUSEUM

As a result of the initiative of the State Secretary, Dr. W.J. Leyds, the Government of the South African Republic decided in 1892 to found a State Museum in Pretoria, and the following were appointed as a Board of Trustees ('Curatoren'): Dr. N. Mansvelt, Dr. G.W.S. Lingebeek, Dr. H.G. Breyer, Dr. Fockens Geo. Leith Esq. Of these gentlemen, Dr. Mansvelt (then Superintendent of Education) was appointed ex-officio Chairman, and the institution placed under the jurisdiction of his department. The first meeting of the Board was held on the 24th of January, 1893, and the Museum was officially opened to the general public by Pres. Kruger on the 15th May, 1895. The 'Staatsmuseum' began its existence in a small room in the clock tower of the 'Raadsaal' building in Church Square, from which it moved after a few years to the Market building. Here it remained until 1902, when the now considerable collections were transferred to the newly built 'Staatsmuseum' building (now known as the Old Museum) in Boom Street. It was soon found, however, that even this building was inadequate to satisfactorily house the rapidly growing collections and in 1914 the

New Museum building in Paul Kruger Street was completed. Owing to the outbreak of the first World War, the whole of the building was for some years occupied by Government offices and it was not until the early 1920's that it became possible for the Museum to take occupation. After the transfer of the natural history collections, it was found quite impossible to accommodate also the historical collections, as no space was available owing to the fact that considerable a portion of the building was still occupied by the Geological Survey Division of the Department of Mines. The historical collection had thus perforce to be left in the Old Museum, where it has remained to this day, and will continue to remain until such time as full occupation of the New Museum building is given over to the Museum and the two wings (as originally planned) are built. One of the most important aims laid down, right at the inception of the Museum, was the fostering of a love of country and national pride. To this end appeals were made to the public for support, and circulars were issued during the first years of the Museum's existence laying special stress on the need to collect and preserve historical relics, especially in connection with persons and matters concerning the Republic, with a view to building up a permanent record of the glorious past. As a result of this initiative on the part of the Museum authorities, it has now come about that what is known as the Old Museum has become a veritable treasure house of relics depicting the history and culture of a country in the making and in its rise to nationhood.

Owing, however, to the desperate lack of funds and accommodation over recent years, it has been quite impossible to display more than a small fraction of the mass of valuable and unique material which has been brought together over the past decades, and the bulk of the collections have thus be stored under conditions prejudicial to their safe keeping.

The time has now come for the Governments to recognise the significance and value of this national cultural heritage, and take the necessary steps to provide adequate support for the proper utilisation and display of this wealth of material in the Museum. In failing to provide this support to the Museum, the Government is not only placing an unfair responsibility on the latter, but is also depriving the public of a cultural benefit to which it is entitled.

There is at present manifested a desire by certain bodies to foster decentralisation, and requests have been put to the Transvaal Museum to hand over certain sections of their collections to this end. While the Museum authorities have



'n Bekende gebou van Ou Pretoria: Meintjes se Meul.  
A well-known landmark of Old Pretoria: Meintjes' Mills.

(Presented by Mr. L.H. Austin)

(Aangebied deur mnr. L.H. Austin)

acceded to these requests in some cases, it is felt to be wrong in principle that historical relics, which have been assiduously collected and preserved by the Museum, should be again dispersed and become difficult of access. In fact, a national collection such as that in the Museum has become, should be kept intact as dispersal not only reduces its value but disrupts the complete picture which it is so necessary to retain.

In addition to the historical collections housed in the Old Museum, there is also the more specialised Paul Kruger collection, which is displayed in Kruger House, Church Street West. This house, in which the President lived for many years when three times President of the Transvaal, was purchased by the Government in 1933. After renovation and restoration it was officially opened and placed under the jurisdiction of the

Transvaal Museum in 1934, when the sum of £300 was added to the Museum's grant for its maintenance and upkeep. Needless to say this sum has proved totally inadequate, and as result other sections of the Museum have had to be deprived of proper financial support to maintain Kruger House in a fitting manner. This house, which has been proclaimed a National Historical Monument, is a museum piece in itself, and, with its original furnishings, should be preserved as such, without the introduction of incongruous modern glass display cases. However, this has unfortunately not been possible as there is at present no other place to display the large assemblage of material that is available. Here again, it is regarded as essential that a separate building should be provided, in which the collection of Krugeriana could be properly set out without introducing any foreign element into the house itself. If such can be brought about, special efforts could be made to obtain more of the original furniture and other household items, which could then be placed in their proper setting.

From the foregoing it must be obvious that, until the Government sees fit to give more generous support, a national heritage must for the most part moulder in cellars and store-rooms. It is therefore hoped that, with the active support of the public of Pretoria, the original concept of the Museum "to foster a love of country and national pride" may yet be fulfilled by setting out in a fitting manner this record of our gloriously stirring and eventful past.

V. FitzSimons  
Director Transvaal Museum

6/9/51.

### A WANDERER'S RHYMES

A short while ago much interest was attracted by some notes, published in the columns of our local newspaper, dealing with different aspects of the life and work of Mr. Albert Brodrick, the author of "A Wanderer's Rhymes" (published in London in 1893 by: "The Record Press, Limited", located at 376, Strand, W.C.).

Mr. Albert Brodrick was a well-known storekeeper in Pretoria, who departed for England in 1878.

In "Thomas François Burgers. A biography" (written by Prof. S.P. Engelbrecht, Cape Town, Pretoria 1946) two poems, composed by Brodrick, are to be found.

Thanks to Mr. C.J. Freaan, a relative of Mr. Brodrick and the

proud possessor of a copy of "The Wanderer's Rhymes", we are able to give the readers of "Pretoriana" some more of the labours of an old Pretorian of the second half of the nineteenth century.

It may be of interest to know some further particulars dealing with "A Wanderer's Rhymes".

Mr. Freaan's copy consists of 128 pages. The most remarkable are those poems dealing with the Battle of Rorke's Drift, "Our Republic", "The last Napoleon", "Jong Koekemoer", other examples are those "rhymes" dealing with different aspects of life and its ups and downs.

In the "dedication" the author has stated, "This collection of rhymes, some of which have already appeared over the signature of 'A Wanderer' 'Transvaal Englishman' 'A.B.' and 'Vaalpens', is dedicated to the memory of M.S.B., my first and my best friend".

Mr. Freaan's copy has the following inscription: "M.W. Freaan from cousin Harold Brodrick."

J.P.

Note: The wife of Mr. A. Brodrick, lies buried in the Old Cemetery, her name being Isabella Louisa Brodrick, née Cole ( 9/6/1873 ) (Information supplied by Mr. C.J. Freaan).

### EPITAPH ON A DIAMOND DIGGER

Here lies a digger, all his chips departed-  
A splint of nature, bright, and ne'er down hearted:  
He worked in many claims, but now (though stumped)  
he's got a claim above that can't be jumped.  
May he turn out a pure and spotless "wright",  
When the Great Judge shall sift the wrong from right,  
And may his soul, realised from this low Babel,  
Be found a gem on God's great sorting table.

---

A. Brodrick: "A Wanderer's Rhymes". London, 1893.

### EK ONTHOU

In die tagtiger jare was my vader, mnr. B.J. Kleynhans, assistent veldkornet vir die distrik Ermelo. Hy is aan die end van die sewentiger jare met Aletta de Jager, 'n dogter van Christiaan de Jager (die Voortrekker) getroud en het hom op die plaas Vlakkfontein No. 27 in die distrik Ermelo gevestig.



Tydens die Eerste Vryheidsoorlog wou 'n sekere Ds. Bosman van Middelburg(Transvaal) na Natal gaan, omdat hy hom onder beskerming van die Union Jack veiliger gevoel het as onder die van 'n handjievul Boere. My vader is hiervan in kennis gestel en het die Dominee voorgekeer en na sy plaas gebring. 'n Pas om na Natal te gaan sou aan die eerwaarde heer uitgereik word, mits hy eers al die ongedoopte kinders van die buurt doop. Predikante was in die dae maar skaars. 'n Jong is te perd met 'n kennise-gewing, wat in 'n gesplete lat gebind is, in die buurt rondge-stuur ten effekte dat ingeval daar ongedoopte kinders is, hulle op 'n bepaalde dag na die plaas moet kom, aangesien die geluk dit so wou, dat 'n Dominee ontmoet is. 'n Stuk of wat kinders is die bepaalde dag ten doop gebring en ook aan my is die Bondseël bedien. Die Dominee het daarna sy pas gekry en is na die Engelse in Natal.

My ouers het nie meer kinders gehad nie en ek moes my met die geselskap, speelvermoë van 'n Mapoer oor my kinderjare behelp. Na die vrede van Majuba is my vader as lid van die Volksraad vir die distrik Ermelo verkies.

Jaarliks is die reis van die plaas, in die nabyheid van die teenswoordige dorpie Morgenzon, na Pretoria ter bywoning van die Volksraad, per ossewa afgelê. Die gewoonte was dat die Volksraadlede van Wakkerstroom, (Oom Jan Greyling, Grootvader van Generaal Kemp van Utrecht; Oom Hans Spies, vader van Senator Spies, en tans lid van die Naturelle Kommissie van Standerton; Oom Jan Lombard, later Kommandant van die Hollanderkorps in die Tweede Vryheidsoorlog en vader van mnr. J.P. la G. Lombard, 'n bekende in die joernalistieke wêreld en tans boer in die omtrek van Hammanskraal), deur briefwisseling 'n bestelling gemaak het om op 'n sekere plek en datums te ontmoet en dan vandaar in "trek" na Pretoria te gaan.

Vir die ou mense, sowel as vir die kinders was die "trek" 'n baie aangename onderneming. Die mans en ook die dames het oor en weer by mekaar gaan ry en het al geselsende die pad kort gemaak. Die kinders het by elke uitspanplek vir die ander wêreld rond gehardloop, gekarjakkert en allerhande speletjies gespeel. Die groterige seuns was met die in- en uitspan van die osse behulp-saam. Op die trek na Pretoria is daar nooit 'n aand- en moreskof gery nie, terug na die plase wel. Die haas terug na die plase na 'n afwesigheid van 'n paar maande, was die rede hiervoor. Handskof is om net so met sononder in te span en te ry tot ongeveer 9 of 10 uur die aand, dan uit te span en die osse aan die trekgoed vas te bind sodat die moreskof so ongeveer 4 uur tot met sonop gery kan word.

In Pretoria, in Markstraat, is daar twee huise wat aan 'n Mevrouw Roos behoort het. Die twee huise is gewoonlik gehuur vir die sitting van die Volksraad.

Die pad het ongeveer waar die Delmaspad nou is na Pretoria gegaan. Langs die pad waar daar nou 'n steenmakery is, nie die van Kirkness nie, was daar 'n paar kuile. Hier is gewoonlik uitgespan. Die kinders is alger gewas en netjies aangetrek, die ou mense het hulle ook gewas en skoon klere aangetrek want dit was die laaste skof na Pretoria toe.

Ek onthou dat my moeder gewoonlik 'n wit gestyfde met kant omsoomde voorskoot voorgesit het. My vader het 'n spierwit hemp met 'n skoon koord ferweelbroek gedra van die stoffasie wat nou so baie in die stad gesien word. My moeder se hare is met so ekstra klapperolie bewerk, en met 'n paadjie reg in die middel is haar hare glad gekam en met rolle so om die ore langs gedraai.

My vader se kuif is behoorlik gekam en met uitgekamde baard was die toilette van die ou mense voltooi. Moenie die kleinspan vergeet nie wat fyn aan die lyf gevat was nie.

Na al die reëlings voltooi is word ingespan en die laaste skof van die "trek" neem 'n aanvang. Vier lang tentwaens, sommige gedryf deur die eienaars, ander deur naturelle-drywers, sak dan in die kloof hier by fonteine waar Kirkness se steenmakery is af, na Pretoria toe.

Die strate was toe meesal maar maanhaarpaaie. Langs die meeste groot strate was daar watervore wat murmelend en sissend oor klippies en keisteentjies na die Apiesrivier gehuppel het. Die gras op die kaal erwe was woes en ruig en daar was orals ook melkbosse.

Na die waens uitgespan is en die huisraadjië die huise ingedra en gerangskik is het die inwoners hulle so gou as moontlik tuis gemaak en na 'n dag of wat was oudergewoonte die tradisionele verrigtings van koskook en gasvryheid in volle swang. Dit het nie lank geduur om tuis te wees nie.

Die osse is die eerste aand aan die **trekgoed** vasgebind en is die volgende môre na die plaas van Oom Lewies Jordaan wat in die nabyheid van Hartebeestpoort geleë is vir die tyd wat op Pretoria vertoef moes word, gestuur.

Die ouers het dadelik uitgevind waar daar 'n skool is en ons jongspan moes vir die maand of twee kennis met skoolbanke en 'n meester maak (skaars goed in daardie tyd).

Ek onthou dat ek by Mej. van Manen op skool was. Twee susters het in die buurt waar die Pretoria Klub is 'n skool gehad, ek onthou dat in die nabyheid daar 'n populierbos was. Uit die bos het daar een middag 'n jakhals gespring en 'n klomp kinders

is toe op die jakhalsjag. Ek het nog geval en my knie in 'n sinkplaat beseer waarop ek gegly het. By 'n ander geleentheid was ek op skool in 'n stal waar die dieretuin nou is. Wie die meester was onthou ek nie goed nie, ek verbeel my dit was 'n mnr. van Heyningen.

Ons het ook baie wegkruipertjie agter die melkbosse gespeel waar die Pretoria Klub nou is.

My vader moes sy eie stoel en tafel en skryfgereedskap bring vir die Volksraad. Voor die ontdekking van die goud kon die Staat dit nie bekostig om meubels vir die Volksraad aan te skaf nie. Ek onthou dat my vader vertel het dat die skryfpapier op 'n keer opgeraak het en dat 'n Nederlandse firma vir 'n paar plase 'n paar ton foliopapier en koeverte aan die Staat verskaf het.

Smiddags na skool het my moeder my met 'n bekertjie koffie en 'n koppie vir my vader na die Volksraad gestuur. My Mapoer Jonas moes die drinkgoedjies en drinkgerei dra. By die Raadsaal het ek dan die beker en koppie geneem en dit aan my vader in die Raadsaal gegee. Ek het by sy stoel gestaan terwyl hy sy koffie genuttig het en die raad in sessie was. Na hy klaar gedrink het het hy my 'n soen gegee en groete aan my moeder gestuur. Ek het die beker en koppie aan Jonas oorhandig en ons het op pad huis toe met stokkies in die watervore reisie gejaag.

Ek onthou nie presies waar die Raadsaal was nie maar onthou dat dit 'n lang grasdakgebou was. Ek onthou ook dat die ou mense gesê het dat die een deel 'n geelhoutplankvloer gehad het en die ander 'n grondvloer en dat die grondvloer elke Saterdag oudergewoonte "gesmeer" is.

Ek onthou ook dat my ouers vertel het dat toe die Wetsontwerp in verband met die bou van "Randtram" (dit is 'n binnenlandse spoor van Randfontein na Springs) deur die Raad bespreek is, my vader die maatreël bestry het omdat hy van mening was dat 'n binnenlandse spoor nutteloos is en gevolglik net geldverspilling is.

Die President het toe een middag na ons huis in Markstraat gekom om my moeder se hulp teen my vader se koppigheid te vra. "Lettie", sê die President met sy donderende stem: "Ek het gekom om jou hulp te vra om die koppige man van jou tot sy sinne te bring en my nie in die Raad teen te staan vir die bou van die "Randtram" nie.

"President", sê my moeder: "Ek steur my nie aan Landsake nie, ek bemoei my net met my potte en panne en die versorging van my man en kind". "Wel", sê die President "as jy my dan ook nie wil help nie, sal ek hom regkny as dit nie anders kan nie". Met die gee die President my vader 'n draai knyp in die binne-

bout. Die knyp het 'n bruinkol veroorsaak maar het nie 'n ekstra stem vir die "Randtram" gewen nie.

In die dae is 'n Staatskoerant uitgegee. Dit was meesal 2 tot 4 dubbel velle foliopapier. My moeder het die Staatskoerante baie sorvuldig gebêre en het later ons "voorhuis" op die plaas daarmee uitgeplak. Sommige Staatskoerante was skuins, dwars en ondersteboe geplak maar ek onthou dat my moeder deur haar buurvrouens beny is. "Lettie jy kan bly wees dat Kooitjie die staatskoerante gekry het, kyk nou net hoe pragtig het jy jou voorhuis uitgeplak".

Die Burgers, ja die Boeremense, het nooit van President Kruger as Oom Paul gepraat nie en as dit gebeur het dan was dit deur mense wat hom nie goed gesind was nie. Dit word vertel dat 'n jongman van die Kaap Kolonie die President besoek het en hom as Oom Paul aangespreek het. Die President het die mannetjie vierkant in die oë gekyk en gesê: "Vriend ons verwantskap het my so effens ontgaan, sal jy dit asseblief vir my uitlê".

So vlieg die dae, weke, maande, jare heen en met die verdwyning van die ou geboue en mense kom daar nuwes maar dit herinner ons aan die laaste woorde van ons President: "Neem uit die verlede wat mooi en goed is en bou daarop die toekoms".

Het ons dit gedoen? Ek wonder .....?!).

J.P.K.

1) Mnr. J.B. Kleynhans was die pleegvader van die skrywer.

## DIE OORSPRONG VAN ONS STRAATNAME

Die Genootskap Oud-Pretoria het hom ten doel gestel om die geskiedenis van die straatname van Pretoria so ver moontlik na te spoor. Heelwat inligting is al in die verband ingesamel maar daar ontbreek nog baie gegewens. Ons gaan hier in elke uitgawe 'n aantal name bespreek, die inligting verskaf wat voorhande is en dan ons lesers uitnooi om die gegewens aan te vul of teen te spreek. Stuur asseblief so veel besonderhede as waarooru beskik aan die redakteur. U bydrae sal dan telkens in hierdie kolomme genoem word. So kan al ons lesers bydra tot die voltooiing van 'n belangrike taak.

Dit gebeur seker feitlik elke dag dat ons 'n naam op die hoek van 'n straat lees waarvan ons die herkoms nie weet nie. Dikwels is die oorsprong van 'n naam nêrens opgeteken nie, en daar bestaan dus gevaar dat dit heeltemal in die vergetelheid kan versink.

Ons begin met Pretoria-Sentraal en handel die name in alfabetiese volgorde af:

Abattoirweg: Hieroor het geen gegewens ingekom nie. Kan iemand verduideliking van die oorsprong daarvan aan die hand doen?

Bankstraat: Die ou Standard Bank en die ou Natalse Bank het aan weerskante van hierdie straat gestaan. Vandaar die naam. Maar mens vra jou af of die straat dan geen naam gehad het voor die bankgeboue daar verrys het nie, en van wanneer tot wanneer het hulle daar gestaan, en presies waar? Kan een van die ou inwoners hieroor iets vertel?

Berea Parklaan: Dit is die laan wat by Bereapark verbyloop. Maar vanwaar die naam Bereapark? Berea is natuurlik van Bybelse oorsprong: Handeling XVII, 10, 13. Dit is een van die plekke wat Paulus op sy sendingsreise besoek het. Die naam kom egter veelvuldig in Suid-Afrika voor, en dis moontlik dat die naam in Pretoria slegs in navolging van Berea in Durban, of miskien van 'n ander plek, gegee is. Nader gegewens hieroor sal verwelkom word.

Bloedstraat: Hierdie naam het 'n interessante geskiedenis. Gedurende die sogenaamde burgeroorlog is daar 'n wag geplaas om die huis waarin die opstandige generaal Stefanus Schoeman hom destyds opgehou het. Onbewus hiervan ry Jacobus Francois du Toit, seun van landdros A.F. du Toit, op 'n Sondagoggend, 14 September 1862, daarheen. Weens 'n sterk wind hoor hy die wag nie toe die hom aanroep nie. Daarop bars sestien geweeskote op hom los. Hy self word in die skouer gewond en sy perd word onder hom doodgeskiet. En die straat waarin die treurspel afgespeel het, heet van toe af Bloedstraat. (Sien herinneringe van G.J.W. du Toit in die Brandwag 24/12/1919. Ook dr. J.H. Breytenbach in 'n lesing voor die Genootskap Oud-Pretoria, 29/11/1949).

Bloemstraat: Die naam is blykbaar van blomme afgelei en nie van een of ander mnr. Bloem nie. Maar waarom? Was daar oorspronklik baie blomme langs die straat?

Boomstraat: "... vertel 'n verhaal van romantiese dae toe Pretoria nog jonk was en daar langs die straat wat toe die noordelike buitengrens van die dorp gevorm het, digte bome gestaan het om hom af te skei van die boswereld verder weg waar snags nog leeus en tiers geboer het ..." Aldus dr. Breytenbach in die hierbo genoemde lesing. Maar ook dit roep vrae op. Watter soort bome is daar geplant, en wanneer?

## VONDSTE IN DIE STAATSMODELSKOOI

Die voormalige Staatsmodelskool, waarin tot onlangs die Clapham-hoërskool gehuisves was, is in baie opsigte 'n waardevolle gebou en ons spreek hierby die wens uit dat dit nie as gevolg van die heersende afbreekwoede in ons binnestad gesloop sal word nie.

Die gebou was in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek 'n opleidings-inrigting van naam.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog was 'n aantal Britse krygsgevangenes daar gehuisves. Die beroemdste onder hulle was mnr. Winston S. Churchill, toendertyd oorlogskorrespondent te velde, tans leier van die Oposisie in die Britse Parlement. Oor die ontsnapping van mnr. Churchill is reeds heelwat geskryf. Minder bekend is die volgende verslag, in verband met 'n aantal voorwerpe wat onder die vloere van die Staatsmodelskool aangetref is, nadat die gebou deur die gevangenes ontruim was. Hier volg die teks van die dokument waarvan 'n afskrif in O.D. 287 (Staatsargief, Pretoria) aangetref kan word.

### Rapport van een heden gevonden verblijfplaats van Engelse Officiëren onder den vloer der Staatsmodelschool te Pretoria

In kamer 18 was een luik, voldoende om één man toegang te verschaffen onder den vloer. Dit luik is door hen losgeschroefd. In het muurtje links van dit luik is een gat gemaakt, dat toegang geeft tot de volgende ruimte! Door de andere muurtjes, die dienen tot ondersteuning van schot en vloeren zijn eveneens gaten gemaakt, waardoor men half kruipende onder de vloeren van kamer 18 en kamer 19 door kan komen.

Een luchtkoker, de buitenste ruimte onder den vloer met de buitenlucht in verbinding stellend, was met een krant dichtgedekt; blijkbaar om te verhinderen, dat het licht, onder de vloeren gebruikt, van buiten zou bemerkt worden.

Links aan de eerstgemaakte muuropening is een gat gegraven ter grootte van 2 bij 5 voet en gemiddeld 3vt 6d. diep, de verwerkte grond was niet ver van dit gat. Onder den grond werden gevonden de volgende voorwerpen:

vier broeken, twee regenbaatjes, vier bovenbaatjes, drie onderbaatjes, vier kombaarzen, een haarborstel, drie paar schoenen, een kussen, drie potlooden, een doosje met lucifers, een sigarenpijp met etui, drie bakken van paraplustandaards, een halter, een koperen gordijnroeden, twee planken uit schoolkasten, een nijptang, een mes, achttien blikjes corned beef, waarvan vier netjes ingepakt, blijkbaar voor padkost bedoeld, twee

blikken jam, een blik stroop, een blik en een doos met beschuit, vier stukken biltong, een blik schijnbaar gevuld met grond doch volgens Dr. Gunning, Directeur Sts. Museum, met bedorven vleesch, drie flesschen gevuld met water, voorts tal van ledige blikjes en flesschen.

Enkele verschijnselen wijzen er met voldoende zekerheid op dat deze plek althans enkele dagen tot verblijfplaats diende.

Dit rapport is op last van den Weled. Gestr. Heer Dr. N. Mansvelt Superintendent van Onderwijs, opgemaakt op den derden April negentien honderd door.

(was get.:) T. Joosten

Ondergetekende verklaart bovenstaande verklaring voor correct.

(was get.:) H. v.d. Wateren.

Pretoria, 3 April 1900.

Op 17 Maart 1900 het die Superintendent van Onderwys, dr. Nicolaas Mansvelt, aan die Staatsekretarus (B) berig:

"In een der klaslokalen zijn op den wand groote oorlogskarten van Natal, den O.V. Staat en gedeeltelijk ook van de Z.A. Republiek geteekend, waarop al de tegenwoordige posities der strijdende partijen nauwkeurig zijn aangegeven - een bewijs, dat de Br. officieren tot op het laatste oogenblik volkomen op de hoogte van den toestand waren". "In een ander lokaal staan op de muur twee groote spotbeelden van Z.H. Ed. den Staatspresident geteekend, waarvan ik een paar photographische kopieën heb doen maken, waarvan ik, indien ze goed gelukt zijn, een paar exx. zal zenden: - Het ééne beeld stelt ZHed voor 'going to the front to strengthen his burghers' met een Bijbel onder den eenen arm en een regenscherf in de andere hand, en het andere stelt ZHed. voor 'returning on urgent (?) business', Zijn Bijbel latende vallen, Zijn hoed verliezende en achtervolgd door een Br. officier met getrokken sabel, waarsch. Lord Kitchener vertegenwoordigende."


In 'n naskrif vermeld die Superintendent nog: "Terwijl natuurlijk de spotprenten en caricaturen uitgewischt worden, verzoek ik met allen nadruk, dat de oorlogskarten als historische herinnering en voor toekomstig klasgebruik ongeschonden bewaard zullen blijven".

Die skrywer kon die genoemde foto's nie vind nie. Is daar miskien een of meer van die lesers wat die spotprente ooit gesien het of meer daarvan weet? Ons sal dit graag verneem.


J.P.

'n-Afskrif van die tweede brief is in O.D. 286, bls. 891 e.v. aangetref.

**D**ie publikasie van  
hierdie blad is  
moontlik gemaak  
deur



die oudste skoenwinkel in Pretoria



(Opgerig 1893)

**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 285 en 143